

Hoofstuk van die dag: Deuteronomium 16

In die plek wat die Here jou God sal kies om sy Naam daar te laat woon, moet jy bly wees in die teenwoordigheid van die Here jou God, jy en jou seuns en dogters, jou slawe en slavinne, die Leviete wat in jou omgewing woon, die vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees by jou. (vers 11)

Die gebruik om almal in jou sorg by jou godsdienstige handelinge in te sluit, kom van baie ver terug. Ons lees dat nie net Abraham en sy eie nageslag (Ismael en later ook Isak) besny is nie, maar ook sy slawe (Gen 17:12-13). Dat dit nie net ’n seremonie was nie, sien ons in die optrede van Abraham se slaaf, toe hy vir Isak ’n vrou moes gaan soek (Gen 24:12, 27, 35ev).
Die gebruik om jou hele huishouding met slawe en al deel van jou geloofsverhouding met God te maak, is later ingeskryf in die voorskrifte vir die groot jaarlikse feeste (Deut 16:11). Die eerste Christene het hierdie gebruik nagevolg. Hand 16:11-40 wys dit duidelik: Lidia se bekering het haar hele huishouding ingesluit (Hand 16:15); so ook die tronkbewaarder en al sy mense (Hand 16:33).
Geloof strek verder as net jou eie verhouding met die Here.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom

Hoofstuk van die dag: Deuteronomium 15

> *Jy moet onthou jy was self ’n slaaf in Egipte en die Here jou God het jou bevry. Dit is daarom dat ek jou vandag hierdie bevel gee. (vers 15)*

Die manier waarop Israeliete hulle slawe behandel het, was baie anders as wat die omringende volke gedoen het. Hulle het hulle slawe op ’n menslike manier behandel, omdat hulle in hulle eie geskiedenis beleef het wat dit beteken om ’n slaaf te wees, soos Moses hulle hier herinner.
Dit wat jy vandag is, hoe jy oor jouself dink en hoe jy teenoor ander optree, is die resultaat van jou verlede. Jy ontwikkel deernis met iemand wat seer het of swaarkry wanneer jyself al deur die meule is. Dit is hoe die Here ons skaaf en vorm om aan ons roeping as sy beelddraers te kan beantwoord (vgl Paulus se woorde in Rom 5:3-5).
Natuurlik is daar ’n ander deel van ons verlede wat elke dag ’n rol behoort te speel in hoe ons dink en optree, en dit is wat in Eden gebeur het en ’n realiteit van ons elkeen is. Dit moet maak dat ons met sagte oë na ander kyk en nie so gou wees om die splinter in ander se oë uit te wys nie (Matt 7:1-5).



Hoofstuk van die dag: Deuteronomium 14

> *Dan moet jy en jou familie dit daar in die teenwoordigheid van die Here jou God eet en bly wees. (vers 26)*

Lang gesigte en onvergenoegde mense in God se teenwoordigheid

pas nie. God se hele oogmerk is dat ons gelukkige en bly mense moet wees.
Natuurlik is dit nie so eenvoudig as om te sê: “Wees bly!” en dan glimlag ons en dan is alles reg nie. God gee ons rede om bly te wees. Hy het Israel uit Egipte verlos. Vir ons het Hy sy Seun gestuur om ons te kom verlos van die houvas wat sonde op ons het. En Hy oorlaai ons met sy goedheid en liefde en sorg.
Dis nie blote vrolikheid wat die Here in gedagte het nie. Blydskap en blymoedigheid is juis nie soos vrolikheid is nie. Boonop lê ons blydskap nie in onsself nie. Dis ’n blydskap wat die Here self aan ons gee, na die mate wat ons ontdek hoe Hy sorg, en dat ons op pad is na Hom toe. Dis ’n blydskap wat jy al meer ontvang hoe verder jy vorder op die pad van heiligmaking. Want is blydskap dan nie die tweede aspek van die vrug van die Gees (Gal 5:22) nie?

- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep

Hoofstuk van die dag: Deuteronomium 13

> *Jy moet getrou bly aan die Here jou God en Hom eer, jy moet sy gebooie gehoorsaam en na sy bevele luister, jy moet Hom dien en aanhang. (vers 4)*

Die verleiding om van God afvallig te raak, kan uit verskillende oorde kom, waarsku Moses. Dit kan kom van een of ander dinamiese of charismatiese leier wat almal agter hom of haar aansleep (vers 1-2). Of dit kan ’n familielid wees wat jou in ’n vreemde of nuwe rigting in wil druk (vers 6). Die uiteinde is dieselfde: opstand teen God (vers 5), ontrou aan die Here (vers 10).
Die groot vraag is natuurlik: hoe weet jy dis ’n verkeerde weg? Dalk is dit maar net ’n nuwe manier om God te dien?
My pa het gesê, as hy moes besluit oor ’n beroep, die Here het hom gelei tot waar hy is, en voordat die Here nie baie duidelik vir hom wys om te trek nie, bly hy waar hy weet die Here hom geplaas het. Dit geld van nuwe idees ook. Maak baie seker dit kom van die Here. Toets dit wat mense sê, aan wat jy weet uit die Bybel. As die “nuwe” weg nie die toets van die Woord deurstaan nie, bly weg.



Hoofstuk van die dag: Deuteronomium 12

… moet julle sorg dat julle nie […] deur hulle in ’n valstrik gelei word wanneer julle na hulle gode sou begin uitvra nie. Moenie sê: ‘Hoe vereer hierdie nasies hulle gode? Ek sou dit ook so wou doen’ nie. (vers 30)

Die gesegde lui: “Nuuskierige agie verbrand sy magie.” Dis mos wat Satan met Eva reggekry het, nie waar nie? Hy het haar nuuskierig gemaak oor die vrugte van die boom in die middel van die tuin, sodat sy (vir die eerste keer ?) regtig die boom raakgesien het (Gen 3:6). Die res is geskiedenis.
Dís die gevaar waarteen Moses waarsku. Die bose het ’n manier om jou in te suig. Die Duitse teoloog Kurt Koch het by geleentheid gesê as jy aandag aan die okkulte gee (soos hy gedoen het), gee dit die duiwel ’n handvatsel om jou te beheer. Jy sal nie ongeskonde anderkant uitkom nie.
Dis nie so onskuldig om glasie-glasie te speel, in ’n kristalbal te kyk, of selfs “Die sterre voorspel” in tydskrifte te lees nie. Satan gryns agter dié goed.
Daar is Christene wat gaan vir sg. bevryding om “verlos” te word van bindinge deur Satan. Later ontdek hulle nog ’n hele paar bindinge het intussen bygekom waarvan hulle óók bevry moet word.
Bly weg!



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …

Hoofstuk van die dag: Deuteronomium 11

> *As julle al die gebooie wat ek julle vandag gee, stiptelik gehoorsaam en die Here julle God liefhet en dien met hart en siel, sal Hy vir julle land sy reën gee op die regte tyd, lente- en somerreëns, en julle sal koring, wyn en olie oes. (vers 13-14)*

Daar is Christene wat uitsprake van die Here soos wat ons hier kry, op indiwidue van toepassing maak, en tot die slotsom kom dat dit met gelowige, getroue Christene goed en voorspoedig gaan, en dat teenspoed jou tref as jy nié getrou is nie (vers 17). As teenspoed oor jou pad kom, beteken dit dat jy iewers in jou lewe voor God van die merk is. Dit is hoe die sg. voorspoedsteologie redeneer.
Maar ons weet almal van Godvresende mense met wie dit sleg gaan; vir wie teenspoed tref sonder ’n klinkklaar aanwysbare rede. Die klassieke voorbeeld hiervan is Job. Ons moet ook onthou dat die uitsprake van seën wat volg op gehoorsaamheid, aan die volk Israel gemaak is met wie God ’n verbond aangegaan het, nie aan indiwiduele gelowiges nie.
God verwag natuurlik van ons as indiwiduele gelowiges ook

gehoorsaamheid. Dan kán jy rus in die wete dat jou lewe en toekoms in God se hande is.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026